

Ds. A. W. C. Bester
Warmbad
2 November 1968

Onderwerp: Is jy 'n brief van Jesus Christus?
Voorstelling van lidmate en Nagmaal

Lees: 2 Korinthiërs 3 verse 1 tot 18

Teks: 2 Korinthiërs 3 verse 2 en 3

Sing: Psalm 116 verse 1 en 10
Gesang 36 vers 3
Gesang 33 vers 5

“Paulus staan hier weer op die verdediging. Daar is aantygings gemaak teen hom en oor die Evangelie wat hy verkondig. Dit was veral die Judaïste wat die grootste teenstand verwek het. Hulle was mense wat die vryheid van Jesus Christus wou verruil vir diensbaarheid onder die wet. Hierdie mense was meer Joods as Christene.

“Hulle het Paulus in elke gemeente agtervolg en het met skinderpraatjies en verdagmakery sy arbeid belaster en kragteloos probeer maak. Vir hierdie goddelose taak was hulle goed toegerus, want volgens vers 1 het hulle aanbevelingsbriewe in hulle sak gehad. Hulle het getuigskrifte gehad wat hulle aan die ouderlinge van die gemeentes getoon het, met die vraag: waar is Paulus se aanbevelingsbriewe en sy getuigskrifte?

“Dit is op hierdie vrae waarop Paulus in ons teksvers antwoord, as hy sê: ‘julle is ons brief’.

“Paulus se gewete is skoon as hy sy eie gemeente aanhaal en bring as bewys vir sy Goddelike sending en roeping: julle is ons brief. Julle is 'n brief van Jesus Christus.

“Aan die hand hiervan is daar drie vrae wat hieruit ontstaan: waarop skryf Jesus Christus hierdie brief? Waarmee skryf Jesus Christus die brief? Aan wie skryf Jesus Christus die brief?

“Laat dit vir eers duidelik wees dat dit Jesus Christus is wat die brief skrywe. Dit is nie Paulus nie. Nee, dit is die Seun van God self: ‘omdat julle duidelik 'n brief van Christus is deur ons diens berei, geskrywe nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, maar op die vleestafels van die hart.’ (2 Kor 3:3)

“Is dit nie ’n heerlike gedagte nie? Jesus Christus, wat verhoog is aan die regterkant van die Vader, skryf ’n brief aan hierdie wêreld. Jesus Christus korrespondeer met alle mense. Die brief wat Hy skryf is in die eersteplek aan die gemeente van die Korinthiërs; en terselfdertyd aan alle gelowiges van die Kerk van Jesus Christus deur die eeue, wat julle as nuwe lidmate vanaand insluit. Met ander woorde, hierdie teksvers het met u en my te doen. Ons is die brief. Julle en ek is die materiaal waarop die Seun van God skryf. By hierdie voorbereidingsgeleentheid wil Hy opnuut sy stempel plaas op u en my lewe. Ja, Jesus Christus wil ons sy eiendom maak deur sy kruisdood; en waardige deelgenote en verkondigers van sy boodskap van versoening. Sal ons Hom toelaat? Sal ons skryfpapier vir Jesus wees?

“Jesus Christus skryf nie op kliptafels nie, maar op die vleestafels van die hart. En hiermee gaan die woorde van Jeremia in vervulling as hy sê die HERE spreek: ‘Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart...’ (Jer 31:33) En so word die gemeente van Jesus Christus nie net posdraers met die brief van Jesus Christus in die hand nie, maar hulle word sêlf die brief.

“Broers en Susters, hierdie brief staan nie buite ons hart en lewe nie. Die inkt waarmee Jesus skrywe, dring in tot die innigste, diepste, verborge kern van ons bestaan. Jesus Christus annekseer vir sy brief die beste en die diepste wat ons het. Hy is met niks minder tevrede nie. As Jesus Christus begin skrywe, vra Hy: my seun, my dogter, gee my jou hart.

“En as u wil weet wat genade, onbegryplike genade beteken, dan is dit hierdie waarheid dat Jesus Christus op ons harte, wat vuil, flenter papier is waarop soveel lelike dinge diep ingekrap is, wil skryf. Dit is genade! Ons is met skuld beplek, misvorm deur die sonde en God se stempel het as gevolg daarvan op die skryfpapier van ons lewe vervaag. Nogtans wil Jesus Christus op ons lewens skrywe.

“Jesus Christus het ons nie gekies omdat ons lewens ’n stuk mooi skoon papier is nie. Was Paulus se lewe so ’n skoon vel papier? Nee. Broers en Susters, ons word lidmate; ons gaan sit aan die Nagmaalstafel; ons laat ons kinders doop; omdat ons lewenspapier swart, bekrap en verkreukel is deur sonde. Vir sulke mense sê Paulus: ‘julle [is] duidelik ’n brief van Christus ...’ Dit is juis die heerlike waarheid van die Nagmaal wat Paulus hier wil verkondig. Die bloed van Jesus Christus kan vuil

menselewens, waarin die sonde diep, swart merke gelaat het, silwerskoon was. Sy bloed kan enige vuil papier omskep in wit, rein skryfpapier vir die brief van Jesus Christus.

“Maar, Broers en Susters, hierdie genade om brief van Jesus Christus te wees, bring selfverloëning, volkome selfverloëning. Wat sien u as u persoonlik ’n brief skryf? Die papier self is nie belangrik nie, maar wat geskrywe is, is van belang. En hoe belangriker die boodskap, hoe minder sien ’n mens die papier raak. As ek dan skryfpapier vir Jesus Christus is, weet dit: die papier is niks, maar wat Jesus daarop skrywe, is alles. In hierdie briefwisseling met die wêreld is die gemeente niks, maar Jesus Christus is alles. En as die wêreld die brief lees, moet hulle nie die papier bewonder nie. Die papier moet sekerlik goed skoon wees, sodat die inks duidelik kan vertoon.

“Dit wil sê, Broers en Susters, as die wêreld die brief lees, dan moet hulle nie vir u en my lees nie, maar vir Jesus Christus. Die wêreld moet nie sê: hoe ’n groot Christen en wonderlike lidmaat is hy of sy nie, maar hoe heerlik en groot is Jesus Christus in sy genade. Ons moet nie die brief groot maak met ons beginselvastheid, getrouheid, en ywer vir die HERE nie; maar Jesus Christus moet uit die brief skitter en skyn. As dit so is, dan kom dit nie daarop aan watter soort papier ons is nie. Nee, die enigste saak wat tel, is of Jesus Christus op ons lewens skrywe. En Jesus Christus kan die eenvoudigste stukkie papier, wat die wêreld in die snippermandjie wil gooi, gebruik: die stil moeder by die huis; die sieke in die siekekamer. Jesus kan op hulle heerlike Goddelike briewe skryf.

“En waarmee skryf Hy? Ons teks antwoord: ‘deur ons diens berei’. Langs die Damaskuspad bekeer Jesus Christus vir Paulus en daarmee saam ook al sy medewerkers; en ook elke lidmaat en elke siel wat Jesus Christus en God deur Paulus gevind het. En hierin kom die amp van die gelowige ter sprake, want elkeen van ons is tegelykertyd pen en papier. Jesus Christus skryf op ons, maar Hy skryf ook met ons op die lewens van ander mense. En as Jesus só met my skrywe, dan kom die eer my nie toe nie, maar Jesus Christus moet die eer kry.

“Broers en Susters, in hierdie briefskrywery moet ons lewenspen in orde wees. Die vulpen van ons lewe moet nie verstop wees nie. Die inks van die Heilige Gees, waarmee dit gevul is, moet vrylik kan vloei. Ons pen, ons lewe, moet volkome in die hand van Jesus Christus

wees. En as elke lidmaat, ampsdraer en siel so 'n goeie pen in die hand van Jesus Christus is, dan hoef hulle, hul nie oor die brief te bekommer nie. Want dit is nie ons wat skrywe nie, maar Jesus Christus. Die vraag is net: is my lewenspen in die hand van Jesus Christus; of in die hand van die groot teëstander van God?

“Daar is niks heerliker as om 'n skryf-instrument in Jesus se hand te wees nie, maar niks vreesliker as om 'n kleurpotlood in Satan se hand te wees nie. Satan wat skrywe met my gedagtes, hande en voete op die dansbaan van die sonde; en die lopende skrif van my eie koppigheid.

“Maar Broers en Susters, die pen in Jesus Christus se hand het ink nodig. Dit is die Heilige Gees van die lewende God. Jesus Christus doop sy pen in die Gees van die lewende God. Hy skryf nie met ink van menslike krag met verbleikende ink van menslike ywer nie, want as die beproewing kom, verblyk hierdie ink. Nee, Jesus Christus skryf met die kleurvaste ink van die Gees van God. Die enigste ink wat diep indring en harde harte sag kan maak. En nou maak dit nie saak of die pen van swak kwaliteit is nie, of min gawes het nie. As Jesus Christus ons uit genade in sy hand neem en ons met die Heilige Gees vul, wie kan keer? Wie sal standhou? En dan gebeur daar deur die lewe van swakke lidmate, ouderlinge en diakens groot en heerlike dinge op die akker van God. Dan word ons 'n brief vir Jesus Christus geken en gelees deur baie mense.

“Aan wie skryf Jesus Christus hierdie brief? Hy skryf die brief nie vir Homself nie en ook nie vir die gemeente nie. Hy skryf die brief om Hom te openbaar. Dit is 'n ope brief. Soveel moontlik moet dit lees. As daar niks van Jesus Christus in ons gelees kan word nie, word dit tyd om onself af te vra: is daar iets van Jesus Christus in ons lewens? Het Jesus Christus ooit 'n letter met die Heilige Gees in my lewe geskryf? As ek 'n brief van Jesus Christus is, dan kan dit nie anders nie, ek moet geken en gelees word deur alle mense. En dit moet die vraag wees wat by hierdie geleentheid teen ons gewete hamer.

“O ja, die mense lees soms baie ander dinge op ons lewensbrief: goeie organiseerder, groot inkomste, lewendige belangstelling in verenigings, ensovoorts. Maar ken en lees almal Jesus Christus ons Verlosser in ons? Almal moet dit kan lees: hulle met wie jy koop en verkoop, met wie jy skerts en gesels, met jou buurman. Hulle moet almal weet dat jy 'n ope brief van Jesus

Christus is. Ons is nie net 'n brief aan een of twee mense nie, maar aan almal.

“En nou kom die vraag: hoe kan 'n brief wat in die verborgenheid van die hart geskrywe is, geken en gelees word deur ander. Hierop antwoord die Nagmaalsformulier: ‘Daarom sal sy mond en hart die lof van die Here verkondig van nou af tot in ewigheid.’ Die hart wat deur die werking van die Heilige Gees deur Jesus Christus beskryf is, verkondig!

“Verkondig!

“Dit kan die werk van God nie bedek nie. Dit verkondig die genade en goedheid van God aan sondaars. Hierdie brief moet geopenbaar word deur 'n lewe wat aan Jesus Christus toegewy is. Ons lewens moet duidelike letters wees wat Jesus Christus spel.

“Is jy 'n brief van Jesus Christus wat geken en gelees word deur alle mense?

“Amen.”